
# OPSAAL



# 2001



## EK HERINNER MY--- Gamkaskloof

Een van die eerste uitslaapstappe wat ons meegemaak het was die keer(ek dink dit was 14/15 Mei 1993) toe ons met bakkies en Hennie se Kombi gery het na Gamkaskloof- O! en hoe het ek nie na hierdie geleentheid uitgesien nie? - Ek was redelik fiks. Ek het met verslaentheid, verwondering en groot dankbaarheid die natuur, die pad en die stilte, (behalwe vir die motor se enjin en die heerlike geselskap wat my aan hierdie ongerepte wêreld algaande meer en meer bekend gestel het en veral ook deur die stappersverhale wat oor "die Hel" vertel is) belewe. Die uitsig was asemrowend mooi en ook vreesaanjaend - die grootheid, steiltes, noue pad, pragtige natuur, het ons, veral vir my soms oorweldig. Ek onthou hoe Hennie, toe hy met die Kombi om daai skerp-,nou-,steil draai gaan gesê het "Ek draai so skerp na links dat ek kan sien hoe die linker agter remligte brand."

Nietemin ons het die voetuie in die sorg van Jan en Zanie vd Walt gelaat en begin stap - berg op - berg af tot by die groot, regop, boom teen die rivier, waar ons die leer sal kry. Ons skep water drink koffie/tee en begin die "leer" - 'n baie steil opdraende paadjie wat plek-plek gevaarlik kan wees, te klim. So omtrent halfpad rus ons teen 'n plat regop maar yskoue rots - 'n wonderlike gevoel om met jou rug daarteen aan te leun. Ons klim tot by die ou kraal met sy 44 gelling-drom en stap met die ou motorpad berg op en berg af tot waar ons links draai in die pad na Beaufort-Wes?? Dit is alreeds laat middag en ons is moeg maar ons drink ons koffie en water. So by 17:00 kom ons aan by die pad wat na Besemfontein lei. Die ander stappers wat per motor gekom het was alreeds daar. Hennie Booysen kom toe met sy Ford stasiewa en laai ons op. Elsie met die nuwe Jetta wat ons die vorige dag gekoop het, was ook al daar. Sy was te bang om met die nuwe motor te ry. Elna Cloete het toe maar die motor bestuur tot by Besemfontein.

Daar aangekom vind ons dat net een van die 2 hutte beskikbaar was. Ons kon nie nie die sleutel van die ander hut ter hand kry nie - ten spyte van vele telefoon oproepe. Ons moes almal , +/-25 persone maar, na die heerlike vleisbraai en aandete - in die een hut slaap. Sommige het twee-twee op een bed geslaap. Ek en Elsie het op die sementvloer, onder die tafel in die kombuis geslaap op 'n enkel slaapsak wat ons oopgegooi het. Dit was hard en koud. Om 2 uur kon ons nie meer nie. Ons besluit om maar in die pragtige maanskyn te gaan sterre tel.

Die volgende dag (saterdag) het die helfte van ons deur pragtige natuur berge en wonderlike waterval gestap. Die ander helfte het in die rigting van die Hel gestap en op luiperdspore (ma+kleintjie) afgekom

Die groot beplanners en handige "ingenieurs" Austen en Allen het toe probeer om die ander hut oop te MAAK. Na deeglike ondersoek stel ons vas dat die agterdeur nie gesluit was nie maar dat skuiwer die deur vasgehou het. So besluit Allen en Austen en ons almal om 'n draad te buig dit deur die sleutelgat te steek en so te probeer om die skuiwer (een van daai grotes) te hak, op te lig sodat dit in 90° hoek met die deur maak, en dan na links trek. Maar hoe?? Ons vind toe uit dat as ons deur die vensters van die sitkamer kyk kon ons die skuiwer dop hou. Die vensters is maar hoog van die grond af. 'n Stoel sou moes gebruik word. Die lig was nie so goed nie en ons gebruik toe 'n verkyker om die slot beter te kon sien.

Met Hennie en die verkyker op die stoel en ek op die hoek van die hut om Hennie se bevele na Allen en Austen deur te gee het ons na 'n rukkie geslaag om die skuiwer te haak, op te lig en agter toe skuif en siedaar! Oop is die deur. Na vleisbraai en lekker slaap in 2 hutte word om Sodagmore wakker met gietende reën. Ons besluit om te ontbyt, op te pak en reguit George toe te ry want weet nie hoe nat/glyerig die pad na die Hel toe sal wees nie. So ry ons met motors wat oorlaai is met voetslaners en bagasie terug deur die mooiste watervalle in Seweweeks poort. een Woensdag is die ander 2 voertuie wat in die Hel was gehaal.



*Gys Verwey*

## EK HERINNER MY---- Outeniqua

"Mans is biologies geprogrameer om halsoorkop verlief te raak op vyftig"----Die Burger 25/8/00

"Kan jy onthou of jy weer verlief geraak het? Wou ek van Austen weet. "Nee- waar was ek of vyftig? " Kom die teenvraag. " Op die Outeniqua voetslaanpad in 1977 " "No wonder I was too clapped out.".

Die outeniqua voetslaanpad is in 1976 opgestel en ons het dit die jaar daarna met 'n lang ompad angedurf. Onbewus van 'n Nasionale lughawe op George, het ons vanaf Kimberley na P.E gevlieg, oorgeslaap, 'n bus na Knysna gehaal (in die dae toe die assistant by die deur moes uithang om die bestuurder om die skerp draaie en verby oorhangende rotse van die Bloukranspas te loods).

Weer oorgeslaap, by Austen se Oom, wie se huis glo vroeër aan George Rex se dogter behoort het. Pragtige geelhoutvloere en balke maar skedel-kraak-lae - deurkosyne. Nog 'n bus, na George, en ons slaap 'n derde nag oor. Die vierde dag laai vriende ons naby die ou Tolhuis af. Dis Oktobermaand in al sy prag. Ons klim-staan-staan om te bewonder en te geniet. Waarskuwings oor 'n moeilike eerste dag bly in die agterkop. Draai regs bo-=op ou Cradockpas sukkel teen die steil oorgroeiende helling af,af,af, en eet middagete in die riviertjie. Sê nog vir Austen weet nie waar die moeilikgeit lê nie ons moet amper daar wees, maar ek kyk nie op die kaart nie -------. Die steil heuwel uit, dan Suidwaarts, Kloofbossie en die Kaaimans waar dit onder Cradockpiek spoed optel.

Toe sak my moed aan die ander kant van die kloof slinger "Haertbreak pass" onverbiddelik hemelwaarts. Die son staan stil. Ek voel die begin van Hitte-uitputting. Die hut wil nog nie in sig kom nie. En toe die laaste skok – die paadjie vurk, en Tierkop lê nog 2 km verder(na klagtes en skerp opmerkings in die boek het hulle die afstand oor gemeet, maar ek dink nog hulle het 'n kilometer of twee oorgeslaan) Toe, Tierkophut, soos die meeste van julle dit nog nooit gesien het nie (en niemand dit ooit weer sal sien nie) :- gaslampe en gasstoof, potte, panne, potstaanders, skoonmaakmiddels, lappe en seep, papierhanddoeke, skoon afdroogdoeke, sinkkomme om in die bad, emmers , eerstehulpkassie, besem en skoppie, selfs ou koerant vir vuurmaak!

Die volgende dag tref 'n hittegolf ons soos George selde beleef. (Ons het het agterna van ander slagoffers gehoor) Ons stap die tweede dag 24 km na Kleinplaat, af deur die Kaaimans (alweer) gevolg deur die nimmereindigende opdraende voor dit afdaal na die Touw rivier. Die son het met my gemors, my teen die berg gepleister, so half en half 'n Zombie van my gemaak en ek het soos 'n dronke by die stroompie aangeslinger gekom.
Austen stroop en spring in die water ek probeer tevergeefs afkoel. Laatmiddag vat ons die steilte anderkant uit, maar ek was verby herstel. En arme Austen moes altwee ons sakke daar uitdra. Ons kom donkeraand by kleinplaat aan, en in skrille kontras met Tierkop – 'n vuil huis!

Gedagtig aan Austen se voete wat vinnig steeks raak op lang stappe het ek vir twee nagte by kleinplaat bespreek. Die volgende dag kom daar toe 'n jollie groep Bergklub/Rambler – lede van P.E aan kompleet met twee kitare: die goeie een vir daardie aand se vermaak, en wat agterna in die Kombi moes agterby, en 'n ou een wat saam op die pad na Milwood gedra word.

En kon die mense sing! Vanaf Kleinplaat het dit klopdisselboom gegaan, met sang en jolyt pret en grappe. Maar Austen was toe salig onbewus dat hy op Vyftig weer (opmy) verlief moes raak ----- hoekom sou hy, hy was en is dit nog!
Ai die heerlike herinneringe.!!!!!!
*Kitty Williams*



## DIE MAGTIGE MUGGIE..

Vroegoggend is almal in rep en roer. Die Sanddrif huisies lewe. Almal is opgewonde want hulle pak nou vir die terugtog huistoe.

Die dagstappers het 'n heerlike week gehad. Besoeke is gebring (gestap) na die Sneeuberg se boog die Wolfskleure die Maltese kruis so halfpad teen Sneeuberg uit. Besienswaardighede is daar genoeg.

Almal het gepak - die motorkarre en 4X4 Isuzu" staan gereed om te ry. Ieder en elk groet mekaar vir die reis, want ons gaan in verskillende rigtings spat. Die konfooi begin vertrek – die eerste ent is almal nog saam. Giel en Poekie met hul nuwe Isuzu voor. Poekie is agter die stuur want sy moet nog die gevoel van die voertuig ontwikkel. Giel moet Hennie se motor vanaf Algeria neem na waar Hennie, Faan en die res van die pakdraers by die Pakhuisberge opgehou het met stap.

Gys en Elsie, Louise en Petra, Barry en Louise en dan Willie en Joey met hul Isuzu verlaat Sanddrif in volgorde. Poekie wuif en sy is baie macho agter die stuurwiel. Die voertuie volg die paadjie oor die Rondegatrivier se brug. Die paadjie slinger verder op tot waar ons regs in die groter pad indraai.

Die pad is redelik kronkelend aan die voet van die Sneeuberg en regs is die helling steil af na die rivier se kant toe. Dit was egter muggietyd - en hulle kon nogal 'n irritasie wees. Die gaan sit op 'n mens se wange of voorkop is mos so branderig.

Die gang is rustig. Ons is mos nie so haastig nie. Poekie ry met die een hand op die stuurwiel. Die ander hand swaai ergerlik agter die muggie aan. Die volg natuurlik die muggie. Die kronkeldraaie in die pad kom gou.
Giel sê:"Poekie kyk waar jy ry". Verskrik ruk Poekie die stuurwiel na links; die Isuzu is op die regter rem van die pad. Die voertuig word oorstuur en die stuurwiel word weer na regs geruk. O! aarde, die voertuig is weer oorstuur en die wiel word na links gepluk. Die keer egter, instede draai druk die momentum die Isuzu dat dit kantel teen die skuinste af. Een keer om en toe weer op die regtersy. Bagasie is die wêreld vol gesaai en verdwaas klouter Giel en Poekie by die kajuit uit.

Ons kom die draai en kan ons oë nie glo nie. Skaars drie kilometer weg en hier lê die Isuzu langs die pad. Die eerste reaksie is een van skok – het Giel en Poekie dalk ersnstige beserings opgedoen? Tot ons grootste verligting sien ons dat beide Giel en Poekie reeds in die pad staan en beslis lewe. Giel het slegs 'n ligte besering aan sy een arm. Poekie ly slegs aan skok. Sy lag onophoudelik. Willie en Joey het intussen ook die toneel aangekom.

Nadat ons bietjie tot verhaal gekom het van die verlammende skok kon ons meer positief begin dink.

Ernst en Flippie se poskantoor en winkel was net 'n kilometer of wat verder aan. Ek het gegaan om die AA te skakel sodat hulle die Isuzu kon insleep. Intussen het Willie met sy presiese maniere weer orde probeer skep met die bagasie wat verstrooid gelê het. Gys en Louise help ook.
Die bagasie word onder die vier oorblywende voertuie verdeel. Terug na ons kamp waar ons eers koffie gemaak het en kon ontspan. Met die AA se rëelings het dit goed gegaan. Die Isuzu is weer op sy wiele geplaas, geabba en weggery.
Die magtige muggie het sy werk gedoen.

*Barry Van Ginkel*

## EK HERINNER MY....

Toe ek die eerste maal die Visrivier Canyon gaan stap het, was dit saam met ou stappersvriende wat nie aan Berg-en-Dal behoort het nie. Baie van die herinneringe is egter soortgelyk aan toe ek dit saam met Berg-en Dallers gestap het.

Die stories wat mens voor die tyd hoor as jy 'n wildernis stap soos die Visrivier aanpak is ongelooflik. Ek het nog nooit gehoor van iemand wat in onlangse jare daar omgekom het nie, maar as jy stories hoor dan sal jy glo dat duisende mense al op die stap gesterf het. Veral aan 'n tekort van water. Iemand het my vertel dat hulle vriende die hele vyf dae geen water gehad het nie en elke dag soos Dirkie in die woestyn moes grawe vir water. Dan is daar nog die bloedige son. As daar nie ten minste tussen 11:30 en 14:30 siesta geneem word nie, dan kan jy maar seker wees wan sonsteek en in die nag val die luiperds en ander wilde diere jou ook nog aan.

Dan is daar nog die afgrond wat jy moet afgaan om onder in die Canyon te kom. Daar het al menige ervare stappers hul moses teëgekom en enkels verstuit en bene gebreek. Maar dit is niks teen die lang afstande wat jy elke moet aflê nie. Die meeste stappers voltooi die afstand van 90 km in so 5 dae. Dit is gemiddeld 18km per dag op baie rowwe terrein. Veral in die begin van die Canyon klouter jy oor boulders en strompel jy deur sand en vat dit tot 'n hele dag om 3 km af te lê.

So was ek gewaarsku teen die ergste. En ek was bang. Om my sak so lig as moontlik te maak het ek elke dag in die paar weke voor ons vertrek het ek weer my sak oorgepak. Net om te kyk of ek nie nog iets agter kan los nie. Die gevolg hiervan was dat ek feitlik elke dag nog iets gevind het wat ook moet inkom en my sak het net alhoe swaarder en swaarder geword. En ek net alhoe banger en banger. Die aand voor ek vertrek het ek so 'n eina stywe nek, alles as gevolg van die spanning, dat ek 'n fisioterapeut moes besoek.

Mens stap in die Canyon af na Ais-Ais. Die vakansieoord lê so, ja 90km suid van waar ons stap begin. Dit is die afstand wat ons moet aflê. Ons begin die middag so drie uur se kant in die Canyon afgaan. Dit is steil, maar nie steil soos die doemprofete voorspel het nie. As jy egter 'n onervare stapper is, sal dit 'n helse ervaring wees. Ek dink baie van die stories oor hoe erg dit is, word vertel deur mense wat die Visrivier hulle eerste stap maak, omdat hulle hoor dit is'n stap wat mens moet doen. Vir my was dit steil, maar in my stap ervaring het ek al baie moeiliker beleef.

Ek het voor die ander uit geloop en onder by die rivier was daar nog niemand nie. Ek het dadelik my klere uitgetrek en in die water baljaar. Daar was baie en lopende water. Ons sou ten minste nie die eerste aand moes grawe vir water nie. Ons groep was egter bang vir die suiwerheid van die water, want dit was maar bruin en vol sand, maar smaak verbasend soet en lekker. Ons het eers watersuiwerpilletjies gebruik. Dit is maar soos jik en maak die water glad nie lekker nie, maar het gou besluit dit is te veel moeite en het die hele stap niks oorgekom van die water nie. Daar was altyd genoeg lopende water, nie net vir drink nie, maar vir behoorlike bad en klere was.

Nadat ons kamp opgeslaan het, het 'n paar ander groepe ook opgedaag. Laat in die nag toe ons al lankal slaap toe kom daar nog 'n groep met flitse in die donker aan. Dit moet nogal moeilik wees om in die donker in die afgronde af te daal. Daar is verskeie skyn paadjies en baie boulders en rotse wat mense moet om of oor om te kan onder kom. Dit is nie so moeilik in die dag nie, maar in die nag is dit lewensgevaarlik. Niemand is egter beseer nie. Daar word 30 mense per dag in die Canyon toegelaat. Dit was een van die teleurstellings vir my gewees van die stap. Soos jy stap sien jy net voetspore. Mens stap egter gou uit die ander groepe uit of hulle uit jou en sien mens baie min mense behalwe jou eie groep se mense in die Canyon.

Die volgende dag stap ons al met die rivier af. Die navigasie is redelik maklik, want die rivier loop al die pad in die Canyon af tot by Ais-Ais. Die terrein is egter baie moeilik. Die Canyon is daar in die begin baie nou en vol rotse waaroor mens moet klouter met jou grote sware sak wat vyf dae se kos en alle benodighede vir vyf dae bevat.. Afhangende van hoe vol die rivier is, kan dit nogal mooi soek kos om jou nie vas te loop in onoorkombare rotswande nie. Dan moet mens weer terug en oor die

rivier en op die anderkant pad soek. Lang stukke moet mens spring van die een rots na die ander en met die swaar sak op die rug is 'n ernstige ongeluk nooit uitgesluit nie. Mens moet die heeltyd konsentreer. Die omgewing is sonder enige noemenswaardige plantegroei en dit raak vroeg donker as gevolg van die wande van die Canyon en laat lig in die oggend so dat mens jou noodkombers moet gebruik om oor die min bossies by die rivier 'n skuiling te maak teen die ongenaakbare son.

Na die eerste dag het mens maar baie min kilometers afgelê weens die onbegaanbaarheid van die Canyon. Mens raak bekommerd dat jy nie die afstand in vyf of selfs tien dae sal kan aflê nie. Dan gaan jou proviand opraak en wat dan. Daardie aand na die eerste dag is ons maar baie teneergedruk weens ons stadige vordering en baie moeg en uitgeput. Ek is sommer ongelukkig met my groep. Ek is duidelik baie fikser as die meeste van hulle en kan nie verstaan dat hulle so baie wil rus nie. Na elke 10 minute, voel dit vir my hulle wil vir 15 minute rus. Ek is egter net vol brovado, want self is ek maar lekker op. Ek slaap altyd op my maag, maar daardie dag se boulder hopping is my bobeen spiere so seer dat ek nie op my maag kan lê nie. Gelukkig slaap mens op sagte sand en darem nie op growwe klippe soos in ander wildernis gebiede nie.

Maar wonderbaarlik wat 'n nag se rus kan doen. Die volgende dag loop ons met determinasie en spoed. Alhoewel die groot boulder hopping bietjie minder is, is die geploeter deur die sand steeds erg en moet mens oor die kleiner ronde klippe spring. Daardie dag loop ons verby die warmwater swawelbronne, Palm Springs gedoop. Daar groei 'n paar palm bome wat deur Duitse soldate daar geplant. Ons besluit om aan te sukkel en bietjie verder kamp op te slaan.

Daardie aand maak ons vuur van die droë afdrifsel takke. Ek het 'n klein bietjie Old Brown sjerrie waaraan ek sip en toe daal die ware Visrivier ervaring op my neer. My vroëre ongeduld met die stadige stappers, die verlange na die geliefde by die huis en al die spanning van my werk en lewe verdwyn in die rustigeheid van die Vis. Al waaroor ek hoef te bekommer is wat ek eet, is my skoene reg en waar gaan ons stop vir tee en waar gaan ons kamp. Die bad in die rivier en die sorgeloosheid van die verlatenhied haal alle nukke uit jou uit. Die sterre glinster en die sagte geselskap sus jou aan die slaap. Wat kan jy meer vra? Die volgende paar dae raak die Canyon al wyer en die terrein makliker en ons lê sommige dae tot dertig kilometer af met groot gemak. Aan die einde kom ons ou vriend, Om Hendrik se woorde by my op:"Aan die stap is daar niks bitter nie, behalwe die koue biere aan die einde by Ais-Ais en selfs dan smaak eers die vierde bier bitter."

*Visrivier Salomè van Wyk*

**VEERTIEN JAAR SE VOETSLAAN, 'N TERUGBLIK.**

Alles het begin by Pietie Le Roux se jeugspan,saam met wie Helma stap, daarna probeer ons die Outeniqua Voetslaanklub, wat ons nie wil aanvaar nie.

Die Moutons begin toe Saterdae te stap, vriende word betrek en nie lank daarna nie, word vreemdelinge, nou goeie vriende, betrek. - 'n Klub word gestig met Danie Visser as Voorsitter.

Daar word naarstigtelik na Voetslaan uitrusting gesoek, wat skaars is. Dames stewels is onverkrygbaar en Annie het van Wuppertal Velskoene tot tekkies gesukkel.

Ek koop vir ons elkeen 'n rugsak, lees al wat 'n boek is, oor voetslaan.

2. Danie Visser, Sonja, Annie, self is die eerste groep wat l oornagstap aanpak vanaf Kleinplaats na Langberg en terug. Vrydagaand slaap ons te Kleinplaatshut. Die matrasse is 25 mm dik en dit is 'n "harde" slaap. My rugsak weeg 14 kg en dit vir slegs een dag se stap. Die heupbande bly los en ek dra alles op my skouers, totdat ek vasstel die die knip is verkeerd om. Ek het gou geleer as jy wil luuks lewe dra jy swaar.

3. Die volgende stap op 27 Sept. 1986; is dit weer dieselfde groep wat om 03:45 na die Springbok Voetslaanroete te Beaufort – wes vertrek.

4. Op 9 Okt. 1986 stap Sonja. Paula Iwan en die twee Moutons weer na Platbos en vandaar na Diepwalle. Die hut te Platbos is reeds beset deur 19 skoolkinders en hulle onderwysers, wat 'n verknorsing! Jy weet nie waar om jou goed te pak nie. Hulle stap te Jubileespruit uit – sommige in 'n gehawende toestand.

Hier sluit egter 27 ander persone, van 'n Pinksterkerk, op die roete aan, 'n groter verknorsing. Die groep braai die aand 9 Skaapribbes en ons kry ook 'n halwe. Die groep is opgewonde en party se rugsakke lyk soos myne op my eerste stap. Die volgende aand te Rondebossie kom hulle streep - streep aan, sommige in 'n gehawende toestand. Die een man kla dat hy deurgeloop is en ek gee hom Zaboksalf om aan te smeer. Hierna praat hy in vreemde tale en voer 'n dans uit, maar die volgende oggend kla hy nie.

5. 14 November 1986 stap ons saam met Willie en Annakie Nel na Tierkop. Dit is duidelik Willie se sak is oorgewig. Hy eet ses eiers te Varingkloof en as 'n persoon na hom kyk bied hy kos aan. Die aand sluit Faan, Mathie en Heidie Straus by ons aan en haar vriend Tiaan Pool asook die 4 van Walbeeks en Anna- Marie Reynecke. Die volgende aand te Voortrekkerhut is die water skaars en elkeen kry slegs 2 bekertjies water om in te was.. Sonja, Lenie, Annie en Eunice Erasmus wil die Springbok gaan stap. Hulle praat my om, om saam te gaan teen my beter wete. Die laaste dag stap ons uit in ysreën om te vind dat die Kombi se battery pap is. Gelukkig help Parkeraad lede ons. Na 'n paar kilometer hou ek stil en skakel die voertuig af. Ek gee voor dat dit die battery nog pap is laat hulle stoot toe hulle goed moeg is skakel ek dit aan en kry my eie op hulle terug.

Die aand slaap ons te Ou Tol en stap die volgende dag na Bothashoek. Dit is ysig koud en die volgende oggend sneeu dit. Om 10:00 hou twee vragmotors stil, op pad vanaf Gouekrans. Hulle het opdrag om ons op te laai. Die vrouens sit voorin die vragmotor en ek agterop. My oë traan dat die trane om my kop vloei en voel of dit agter my nek verrys.

Dit was Juliemaand – hulle laai ons by die Ou Tol af. Annie hulle vra "Het jy die pragtige Proteas gesien", toe hulle uit die warm kappe klim!

*Hennie Mouton*





**DRAKENSBERGE APRIL 2001-08-02**

Sewe dapper stappers durf Drakensberge aan. Begin by Giants Castle. Eerste dag kort geknip weens reën.Volgende dag is almal op vars en reg vir die berg.Hier pak ons toe die Langalibalele-pas en nie lank daarna toe pak die wind ons. Rugsakcovers word afgeruk,maar dit stuit nie 'n fikse stapper, Annette draf sommer vinnig agter die covers aan vind dit. Met hulp van bo en mede-stappers kom almal bo.Uitsig is asemrowend en dit voel of jy die volgende dag kan sien aankom.Die volgende drie dae op die plato het ons alle vorms van weer beleef,koue wind en donderstorms, alle vorms van mooi natuurskoon, unieke plante en uitsigte.Ons het met Bannerman-pas afgegaan dit was broekseur op party plekke en gly op ander. Op die kontoerpad het ons 'n goeie oog op die Judge en die duim gehad, en neffens die Trojaanse muur geslaap. Die laaste dag het ons 'n hond uit die bos gestap en weer nog mooi gesien.Op pad na Golden Gate waar ons sou oornag het nog 'n storm uitgebreek, daar aangekom is al die staanplekke onder water. Oom Faan sê 'Sit styf en ons trek daar weg en siedaar die volgende oggend 10:00 is ons in George na verskeie nagtelike piekrnieks.

*Wilna Albertyn*

## EERS DIE HERINNER EN DAN DIE WONDER!

Ons herinner ons aan baie aangename wegstappe saam met Berg en Dal, toe dit nog maklik was om sommer so "chop chop" 'n groep van 16 stappers bymekaar te kry en 'n onvergeetlike naweek by Gamkaskloof te gaan stap. Ja daar was Faan, en Mathie, Lina, Erhard, Carlien en Allen, Susie en Jan, Willie Dunn, Nells, Paula, Bing en Hilda, Hester van Oom Tom, Eddie en Anna. Onthou julle nog hoe ons al 16 in een huisie gebly het, net omdat dit ongemaklik oorvol, maar O ! so gesellig was.

Dan was daar die Visrivier, toe 14 van ons die lang pad aangepak het- 4 onvergeetlike maanligaande onder die sterre in die riviersand geslaap het en om na 5 dae moeg maar al singgende by Ais Ais uit te stap.

So kan ons aanhou met herinneringe, maar dit was toe!
Nou wonder ons, wanneer kom so 'n lekker klomp weer bymekaar en dan gaan stap ons weer saam. Onthou die Cederberge in al sy wonderlike rotsformasies Roep!! Kom ons stof ons rugsakke af en slaan die pad.
Met heerlike herinneringe.



*Eddie en Anna*

## MY RIGHT LEG AND MY LEFT LEG

There is nothing we enjoy more than a walk in the country. Professor G.GM Trevelyan, the wellknown historian, was an enthusiastic walker. He once said:'I have two doctors – my left foot and my right."
Alfred Wainwright another dedicated walker produced a series of guides and maps. His sixth book contained this dedication: "To those unlovely twins, my RIGHT LEG and MY LEFT LEG, staunch supporters that have carried me about for over half century, endured much without complaint and never let me down.
If we have a good pair of legs that can get us about, then we have much to be thankful of.

*Magdaleen*



## EK ONTHOU

Ek wonder of jy saam met my kan onthou toe ek die eerste keer die wonder van die varingkloof beleef het – spontaan kon ons sing –"Hoe groot is God".

Ek onthou die rooi spatsels van die George-lelies by"Leliedraai"- so volmaak- nie deur 'n mens geplant of versorg, maar vry in die natuur.

En natuurlik onthou ek die roep van die Loerie in die bos – en dan die wag – in stilte - dat hy moet vlieg en sy pragtige rooi en groen vere vertoon – die opwinding- onvergeetlik.

Bo in Attaquaskloof onthou ek die volmakte koningsproteas wat sommer tussen niks en nêrens en tussen die barre sy prag vertoon, ja soos 'n koning.

Ek onthou die swart gebrande berg – wat rou – maar dan na 'n reënbui – die pragtige krulle van die varingblare en gou- gou die swart omskep in groen – lewe !

Sou ek ooit kan vergeet van die stap na die ou dam, Die verwondering oor die werk van hulle wat die dam gebou – heten tog ook dit kom tot niks - soos die prediker sou sê.

En dan die aand by platbossie hut – toe die hele bos om ons verlig was deur vuurvliegie liggies ….. of was dit feëtjies uit die woud wat ons besoek het – ek wonder steeds.

Natuurlik onthou ek al die stappe – Georgepiek – Attaquaskloof – Harkerville – Cradockkloofpas- Hermanus en – en- en – en- baie duidelik die Sederberge – een keer verdwaal – een keer die 4x4 afgeskryf en dan weet ek die Groot Genade was altyd by ons.

Ek onthou al die lekker saamstap – saameet – saam sing- saam braai- saam slaap en dan die vroegoggend saam oë sluist voor ons Skepper en Heer.

Ja voorwaar – hierdie is een van my lekkerste 'ONTHOUS'S"-dankie!- dankie! – dankie!

------ *Poekie*

Kom loop eendag met my saam
*Magdaleen*

Kom loop nog eenmaal met my saam
Skryf op 'n ysterklip jou naam
Breek 'n takkie skaapbos in jou hand
Ruik 'n reënjaar in Boesmanland



Ken jy Maart se ghwablom
Wat sag en helder uit die droë aarde kom?
Ken jy die vlerkklap van 'n vaal patrys-
Die reënbelofte van 'n skurwe gys?
Ken jy verlang wat oor die skemer werf kom lê-
Aandgebed by die tafel opgesê?

Kom by Brandvlei in die Boesmanland-
Sien hoe vang die son 'n klipkorant
Groet 'n vreemdeling gee hom jou hand
Hy word 'n vriend uit hierdie land
Vertel van somerwind en ryp se kou,
Ook van die Heer se reën as jy kom bakhand hou
En voor jy gaan -----
Pluk 'n stukkie boesmangras
En knoop dit aan jou hartsnaar vas

Waar die oggendson oor Driekop hang
Klink die korhaan se ver verlang
Hier's die lug nog hoog en blou en skoon
Oop en ruim vir elkeen wat hier woon.
Snags skyn die sterre groot en naby jou
Kan jy hul blink in albei hande hou
Eendag sal die westewind so sirkeldraai
En 'n klomp onthou na jou toe waai------

## Bring en Braai Carlien en Allen, Hoed en das kompetisie

Die wenners van die kompetisie is Bert van Walbeek en Meisie Oosthuizen






















## EK HERINNER MY AAN BAD IN DIE VELD

My herinneringe aan bad in die veld is van my beste herinneringe uit al die mooi herinneringe wat ek van stap het.

Ek kan verskeie stappe opnoem waar die bad die hoogtepunt was. My eerste keer daar by Tsitsikamma en die Bloukrantz het ek sommer van die water op die vuur uitgeskep. Nie baie nie net so 'n klein bietjie water. Oom Hendrik het met my geraas omdat ek van die koffie en kookwater "steel". Dit terwyl hulle tot onder in die kloof moes gaan om te was en dit in die koue poel ddar onder. Maar dit was koud en reënerig. Waarom nou suffer as jy in warm water kan bad. Deesdae sien ek hulle maak ook water warm op die vuur as daar 'n vuur is.

A mens 'n vuur het kan jy genoeg water warm maak om lekker te bad. Nie so mins soos die Sneeubergskuiling in die Sederberge nie. Wonderlike skuiling. Met sy rotsmuur aan di een kant. Dit is perfekte beskerming teen die elemente. Die wind het gehul om die hoeke van die skuiling en ek het 'n bietjie water op my stofie gekook. Toe het ek uit gegaan in die wind en in die toiletstruktuur my gaan was. Daar us nie beter was dit nie. Jou hande is yskoud en jy bewe innerlik van die ontbering van die dag, maar die bietjie water is heerlik warm in die roomysbak. Jy was net op die noodsaaklike plekke. Jy trek jou warm sweetpak-slaapklere aan. Jy storm weer die entjie terug na die hut. Jy maak cup-a-soup en jy sit rustig met jou rug teen die growwe rotsmuur en jy drink jou paar slukkies Old Brown sjerrie. Terwyl die wind huil ervaar jy innerlike vrede en warmte wat jou laat vergeent van die wêreld se wreedheid en weer laat glo in die wêreld se warmte, al huil die die wind daar buite.

Dan is daar die kouestort by Keurbos. Al gillende. Dit is lekker suffer. Ook die gille by die Goedgeloofhut op Swellendam. Daardie dag wat bloedig warm en ons was net na een by die hut. Onder die stort in. So raak mens ontslae van spanning. Jy gil dit uit onder die koue stort!

Telkens as ons 'n strand stap doen dan wil ek swem. Daar by Harkerville waar die water gevaarlik is doek ons 'n poel wat so half omsluit is deur rotse. Dit laat ons beskermend voel. Dit is wat die water doen dir omsluit jou. Dit beskerm jou. Dit is 'n geborgenheid. Dit bedek jou skaamte.

Of soms body surf mens in die vlak branders. Dan raak jy heeltemal uitasem. Surf tot plat op die sand voor.Hardloop terug in die branders in. Vang die volgende wave. Ry uit tot plat op die sand. Hardloop veer terug. Vang die volgende wave. Tot jy so moeg is dat jy buite op die die droë sand strompel en net daar gaan lê en die son indrink op jou lyf.

Maar dit is met klere aan. En dit is ook nie bad nie. Want jou lyf is taai en jou hare is vol sand. Dit is egter iets van die vreugde van bad in die buitelug. Daardie uitasem gevoel. Soos wanneer jy verlief raak. Ek beleef elke keer daardie uitasem gevoel as ek bad in die veld. Daardie vryheid wat dit bring. Daardie loslit loslyf gevoel. Soos luiperd wat lui gly oor die aande. Amper 'n hipnotiese beweging van spier en lit. En as jy nog in poele kan bad soos in die Tsitsikamma of daardie varing omringde buitebaddens op die Otter dan voel dit asof jy in 'n Timotei sjampoe advertensie speel.

Daar is egter niks onwerkliks daaraan as jy in die Drakensberg se koue poele bad of by Crystal pools in die Sederberge op 'nlekker warm sonskyndag. Eers maak jy alle dooie selle weer lewendig met die koue water. Dit voel amper asof die vel van jou lyf af brand so koud is die water. As jy uitklim dan tintel jou hele lyf. As jy dan na die tyd kaal in die son sit is dit asof die son jou kielie, jou streel, jou liefkoos. Dan weet jy, jy lewe!

*Solomé van Wyk*

## DIE OOROPTIMISTIESE STAP.

Die Sederberg uitstappie het ook sy wedervaringe meegebring. Nadat die pakstappers se voertuie op Algerië geparkeer is, en hulle koers gekry het, het die dagstappers hul vere gaan regskud by uitkyk se huisies.

Die middag het ons uitgery na die stadsaal grotte. Ons het die kamers, tonnels en uitkyke met verwondering geniet. Volgende dag oggend het ons aangetrek en en gepak om Hel se kloof uit te stap na die waterval toe. Intussen het dit liggies begin reën enons het gefrustreerd die tyd by die huisies verwyl. Tien uur het dit opgeklaar en ons besluit om te stap. Die roete loop al langs die Rondegatrivier tot by Algeria. Hier is 'n mooi swemdam, brug en plante groei. Na ons 'n rukkie daar vertoef het, pak ons die kloofpaadjie aan. Dit is plek-plek baie styk en moeisaam.Dit voel mens nooit by die waterval gaan uitkom nie. Die natuur is egter interessant en die uitkyke mooi. Uiteindelik kom ons toe om 'n draai waar die waterval vir ons loer en sprankelend sproei.
Nadat ons bietjie ontspan, terugdink en geëet het is almal weer vol moed.

Kom ons loop nou sommer gou die berg uit en loop bo om na Uitkiyk en terug. Ja-ja, dit is 'n goeie gedagte. Enkeles stribbel halfhartig teen vra ewe diplomaties of ons betyds (voor donker) by die huis gaan kom. Natuurlik ja, as ons viir halfsewe by die huis kom is alles reg. Ek noem geen name nie.

SO gesê so gedaan. Dit is 'n lang klouter, Elke kort-kort lyk idt of ons nou bo gaan wees en die die teleurstelling. Nog 'n klim en nog 'n klim. Uiteindelik bo. Dit us al laat. Dit is baie gelyker en ons stap vinnig. Die son begin al laag sak en ons is nog steeds bo.

Met die vorige besoek aan die Sederberge het die stappers die afdraai na regs misgelopp en in hul kanon in verdwaal. Gaan ons die afdraai raakloop. Die spanning begin hoog loop. Na een of tweeman se beredenering kry ons toe die afdraaipaadjie enons laat waai. Ons moet nog bergaf en die son trek water.

Die groep beweeg te stadig en ek besluit om vooruit te loop en lig te gaan haal. Louise probeer nog keer en roep. Ek verdwaal kwansuis te maklik. Horende doof drafstap ek toe maar aan. Dis plek-plek baieSkuins af en die paadjie is nie altoos duidelik onderskeibaar nie. Maar ek gaan aan en kry die dele wat duidelik is tot my vertroosting. By die die huisies neem ek my flits wat met krag gelaard en sit die gaslamp in my rugsak. Skaars gepak en gereed om die pad terug testap toe sak die son in die skemer slaan toe.

Die paadjie terug gaan tussen die bome deur en dan oor " klipperig kloofstroom voor die roete verde gevolg kan word. Sowat 600 meter verder kry ek vir Louise en Petro. Hulle het ook 'n bietjie vinniger voortbeweeg. Lig by die tyd is moeilik en die klipperige skuinstes af is half gevaalik. Hoe ver nog?" vra hulle. "Nie te ver nie, sowat 700 meter" sêek. "Maar julle sal oor die riviertjie moet moet loop en dan sowat 150 meter verder na die huisie toe. Hulle strompel toe maar so voel voel voort en ek beweeg weer kloof op met die flits. Die maan begin opkom maar die berg keer en die wolke is???? besonder ?swak.
Die flits se krag begin ook ingee. Uiteindelik kom ek op die res van die groep af. Hulle was besig om so voel-voel die paadjie af te klouter.

Dit bring groot verligting. My flits se krag het op die stadium totaal ingegee.
Poekie raas met my omdat ek nie hule flitse uit hul kamer geneem het nie. Die gaslamp word aangesteek. Giel neem dit. Hy is in die middel van die laning stappers. Dit werk uitstekend want die gaslamp werp lig na alle rigtings. Die wat voor hom en agter hom stap kan almal sien. Dit gaan nou beter teen die steilte af.

By die rivier wag Louise en Petro ons in. In die donker kon hulle nie waag om oor die klipperige stroom te loop nie. 'n Mens kon net nie sien waar om te trap nie.
Die lamp is nou ook hulle redding en ons gaan almal oor.

Nege uur die aand, en ons is almal terug in die huisies. Wat 'n heerlike verligting met lekker warm koffie en heerlike eetgoedjies. Almal veilig en ongeskonde. Ons het 'n duur les vir ooroptimisme en swak beplanning betaal.

*Barry van Ginkel*

## ONTHOU JY NOG

Jy wat saam was. En die ander van julle wat al voorheen daar was. Onthou jy nog die stilte. Onthou jy die wind. Onthou jy hoe klein jy gevoel het teenoor die majestuese kranse. Onthou julle nog daar waar ons onder die kranse gesit het waar die grot was net nadat ons die bokkies gesien het. Die kilometer wat ons teen daar berg uitgeklim het was soos kinderspeletjies. Ons was hoog bo die wêreld se gestoei. Onthou jy nog toe ons die middag gebad het. Eers was die Basuthu klonkies daar, maar toe het hulle gee pad. Onthou jy die son se warm strale op jou kaal lyf. Die rustige tevredenheid wat oor ons neergedaal het. Onthou jy hoe lekker die sop en die pasta ete was en daardie paar slukkies old brow sjerrei!

Onthou julle hoe glad die klowe aan die anderkant van die kloof gelyk het daar op Tlanjaku pas. Dit het gelyk soos fluweel! En die kowe en die plooie van die berge op berge. En die kranse wat al hoe meeer bokant ons uitgestroom het terwyl ons al laer gedaal het. Dit was Dragonsback wat ons oorkant kon sien. Daar was ' waterval wat uit die hoogte van die kranse afgeval het. Dit het soos 'n klein ou stroompie gelyk. Maar dit was ver en ons weet dat dit 'n groot stroom is vir die arende wat daar swiep. Onthou julle die dankbare vrees elke keer as 'n groot klip afgerol het tot in die diep kloof daar onder. Hoe die klip momemtum opgetel het en uiteindelik 'n groot rots getref het en in duisende stukkies gespat het. Onthou julle hoe snaaks dit was toe Annekie se broek deur was van skuur op Tlanjaku pas. Die verligting toe haar kamerasak nie ook tot heel onder in die kloof gerol het soos die klippe nie.

Onthou julle nog Ndema-gorge. Die rivier daar ver onder ons. Die groot stuk natuurlike bos. Bome so groot soos die in die Knysna bos. Die lekker warm son. Wat van die wonderlike waterval watdaar onder in die kloof was. As dit somer was het ons sekerlik in die poel baljaar. Die koelte ond ei bome by middagete. Daar waar ons lekker so kon kamp as ons nie nog baie gehad het om te loop nie. Onthou julle die vrees vir die rivier wat ons moes oorsteek. Die lekker lag van verligting oor Salomè wat probeer het om haar skoene oor die water te gooi en toe hulle kaplaks binne in die rivier geval het. Daardie keer was Allen die held. Nie soos die keer wat hy by die afdraai pad na die hekkie op Jacob's Ladder versuim het om te wag dat die agterstes bykom nie.

Onthou julle die ligte donderstorm en die reën. Die oorhang rots daar by die stroompie waar ons geskuil het. Ens die genade dat dit net 'n kort buitjie was en dat die weer gou oorgetrek het. Onthou julle daardie laaste aand se kampplek en die harde klippe onder ons lywe. Die klein bietjie water waarin jy gewas het. Jy wat gewas het. Onthou julle die lekker gesels uit die verskillende tente. Ja, onthou julle die gesoek na die regte paadjie daar teen die einde. Die warm stort en ten spyte van die rou geskaafde nerwe die gevoel van samehorigheid toe ons vir oou laas 'n kring maak en Sy Naam aanroep. Ja onthou jy nog!

## EK HERINNER MY

En dag............Saterdagoggend(mooimaakdag vir Elsie) toe Elsie van die haarkapper af kom, skakel sy die motoradio aan. Toevallig Johannes van der Walt wat onderhoud voer met 'n man en vrou oor voetslaan. Op 'n vraag van Johannes antwoord die man toe " van rugsak moet jy liewer met my vrou gesels". Aan die einde van die program bedank Johannes vir Hennie en Annie Mouton van George. Elsie skryf toe die name neer, want sien, ons was van plan om die einde van 1992 op George af te tree.-trouens ons het toe alreeds 'n huis hier in George gekoop gehad.

Hier aangekom het ons die telefoongids gefynkam en die Moutons geskakel. So het ons (Desember1992) begin stap. Dit het maar swaar gegaan veral toe Varingkloof een ons eerstes was. Danksy Hennie, Annie,Lina,Susan en vele andere se volgehoue aanmoediging, raad, moets en moenies het dit algaande beter met ons stappery gegaan.

Teen die middel van Mei 1993 ontvang ons briefie, gedateer 4 Mei 1993, geteken deur H.Mouton (Voorsitter) en Salomè van Wyk (sekretaresse) waarin ons uitgenooi word om amptelike lede van die Berg-en-Dal Voetslaanklub te word – na 5 maande van gastegeld (R1).
Vir ons was dit 'n groot dag – 'n groot verrassing en 'n groot vreugde wat ons tot vandag toe nog waardeer en geniet. Dankie Berg-en-Dal Voetslaanklub vir jul volgehoue liefde vreugdes en vriendskappe.

*Gys Verwey*

## KENNISGEWING

Elsie het kennisgewingbord in die Drakensberg raakgeloop



Friend, if perhaps in a year or ten
You may want to walk this path again
Then fail not to remove the trace
Of synthetic foil, cans and other waste;
Plastics that no living thing can flourish on
Or traps which other will not want to step upon
Else in times which are soon to come,
Instead of beauty you will find a slum
And perhaps then you will come to understand
How the splendour of our LAND
Was spoilt by litter from your hand

## BLOEDSPORE IN DIE SNEEU OP MATROOSBERG Kitty Williams

In 1962 het die ergste met ons gebeur - ons Kapenaars, is tot noord van die beskawing verplaas, dus anderkant die Hexriviervallei!

Die Worcester-tak van die Bergklub van SA het lig gebring, en waar ons in die Kaap elke naweek in die see was (agter kreef en perlemoen) het ons toe berge toe gevlug. Sneeubedekte Matroosberg in die verte het gewink. Deur bergklimlede kon ons by die Ski-klub van SA aansluit, nie om ski nie maar om toegang tot die berg te verkry.

Voor lidmaatskap moes ons, as nie lede, 15/- toegangsgeld betaal, maar omdat ons gereeld toerusting help opdra het en ander handearbeid verrig het, is dit afgebring na 7/- per dag!
Dit het dikwels in 1963 en 1964 gesneeu, en ons koppe het dan net in een rigting gestaan. Die toegangspaaie was ellendig, maar die Williamse se liefdes het maar altyd oor sleg paaie gelê. )
Vandag is byna die hele Bo-Swaarmoedpas geteer nadat die plaaslike boere R1m moes bydra).
Ons het Matroosberg onder allerhande weersomstandighede geklim --- vallende sneeu tot wind wat ons met 'n onaardse geluid gewaarsku het om plat te val en aan biesiepolle te klou totdat dit verby is. Austen het met geleentheid selfs ons 2 jarige dogter opgedra terwyl haar 5-jarige broer, toe al 'n gesoute Drakensbergstapper, op eie stoom bo gekom het. Ma moes die slee saamdra vir pret in die sneeu.
Op die dag van my bloedspoor het ons in vallende sneeu en lae miswolke geklim, maar toe ons Matroosberg op 2247m bereik, het ons in sonskyn gestaan.

Die bolaag van die sneeu het verrys en met elke tree af het ek tot by my knieë of verder deurgeval. Ek het 'n ski-broek van daardie jare aangehad, maar het nie die bandjies onder my voete deurgetrek nie. Met elke tree het my broekspyp opgestoot, totdat ek later besef het daar is groot fout. Ek het nogtans rondgekyk om die skoon sneeutonele te bewonder en toe sien ek dit – bloed by elke spoor.

Die volgende dag kon ek nie loop nie en moes 'n week in die bed deurbring ---- met ernstige "brandwonde"! Die yskristalle het al die vel van my onderbene afgeskuur.

Die naweek daarna moes ons Waaihoek gaan klim (UK se ski-velde naby Worcester). Ek was vasbeslote om dan op die been te wees.

Op pad het ons nog 'n bloedspoor teëgekom ----- 'n finale jaar BSc- student het geval en alles gebreek wat gebreek kon word. Van ons lede het aangebied om te help dra, tot hulle ontnugtering en tot hulle gô uit was, want daardie jare se draagbaar was nie so draagbaar soos vandag s'n nie ( en natuurlik geen helikopters nie.)

Nou 36 jaar later het ons besluit om te gaan kyk of ons nog al die hange en pieke van Matroosberge kan onthou, les bes of ons nog tot bo kon klim.
Daar was nie sneeu nie (te laat na die swaarste sneeuval in 50 jaar in September) maar die klim was lekker en die proteajag baie interessant ------- ons het 14 spesies gekry terwyl die eienaar net 12 geweet het.

En die uitsigte oor die Hex- en ander bergreekse is iets wat jou na jou asem laat snak en na jou maag laat gryp.

Terug by die ou Bokwagtershuisie waar ons gebly het, het 'n vars broodjie en 'n groot fles vol karringmelkbeskuit vir ons gewag ----- komplimente van Cora Smith, die boer en eienaar se vrou. Austen het homself byna vergryp!

Na al die jare is dit lekker om te sê Ek herinner my------------

**Ribbok voetslaanpad**
**Stappers: Hennie en Annie Mouton**
**Faan en Mathie Strauss**



Vier hegte stappersvriende
Van Berg en Dal stoffasie
Gaan klim mos toe by Golden Gate
Haas elke rotsformasie

Ons sakke was nie swaar gelaai
Slegs twee dae se poeding en paai
Met fiks ge-oefende skoen en voete
Maak ons korte mette met die roete

Die Brandwag-rots om weg te spring
Vir opwarming net die regte ding
Die kettinghulp so amper bo
Was kwalik nodig in ons oë

Met stapsakke so op ons rug
Was bergnatuurskoon en vars lug
Ons ruimskoots toebedeel
Ja heelgenoeg – amper te veel

Die Ribbok-hut goed toegerus
Was werklikwaar 'n lafenis
En boonop was dit net ons vier
Om hier te rus na hartelus

Die tweede dag, 'n ander storie
Van mooiweer was daar haas geen spoor nie
Want donderweer uit die Noordweste
Waarsku ons doen maar jul beste



Die voetpad klim net op en op
Die rigting Generaal se Kop
En roetename Inbreek, Hartbreek
Moedbreek is goete wat vanself spreek

Maar eindelik was ons tog bo
Sien Lesotho-view met eie oë
Ons kon egter nie veel verwyl
Want reën het op ons afgepeil

Met reënklere wat darem keer
Kon ons die nat van liggaam weer
Maar voete glip op klip en grond
En tone swem in skoene rond

Ons sal egter nog lank onthou
Die prag van sandsteen rotsformasies
Hoe langs die voetpad dit ontvou
Om Golden Gate by ons in te bou

FAAN STRAUS- BERG EN DAL VOETSLAANKLUB